# Wat se tipe Pa/Vader is God?

**Louis Du Piesanie 09/09/2018**

1. **HY IS 'N PA WAT OMGEE, HY ONTFERM HOMSELF OOR ONS.**

   **Psalm 103:13 (AFR83) "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien."**

   **1 Petrus 5:7 (AFR83) "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."**

   **Matteus 6:31-32 (AFR83) "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."**

2. **HY IS N PA WAAROP ONS KAN STAATMAAK, HY IS N KONSTANTE PA.**

   **Jakobus 1:17 (NLV) "Van Bo af kom net goeie, ja, volmaakte gawes. Hulle kom van die Vader wat die hemelligte geskep het. Anders as die hemelligte, staan Hy onbeweeglik vas. Selfs sy skaduwee verskuif nie soos hulle s'n nie."**

   **2 Timoteus 2:13 (NLV) "Maar as ons ontrou is – Hy bly getrou, want Hy kan Homself nie ontken nie."**

3. **HY IS N PA WAT ALTYD NABY IS.**

   **Handelinge 17:27 (AFR83) "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie."**

**3.1.** Hy is nooit te besig vir jou nie.

**3.2.** Hy voorsien GRAAG aan ons behoeftes.

**Matteus 7:11 (AFR83) "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?"**

**3.3.** Hy is 'n Pa wat omgee oor ons pyn en seer.

**Psalm 34:18 (AFR83) "As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede."**

**4. HY IS N PA WAT BEVOEG EN BEKWAAM IS.**

**Lukas 1:37 (AFR83) "Niks is vir God onmoontlik nie."**

**Efesiërs 3:20 (AFR83) "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink."**

**GESPREK GITS**

**WAT SE TIPE PA/VADER IS GOD?**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Waaraan dink jy as jy die woord pa of vader hoor? Bring dit positiewe of negatiewe emosies by jou op?
2. Sien jy God in dieselfde lig as wat jy jou aardse pa sien?
3. Glo jy dat God vir jou omgee en dat jy op Hom kan staat maak?
4. In jou verhouding met God, voel dit of Hy 'n pa is wat naby jou is of voel dit of God iewers ver weg is?